Tiende


Maleági 3
Mal 3:8 Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.
Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.

Gee: - die Grondslag van Godsdiens

Die hele grondslag van godsdiens is om te gee, gee, gee. Dit is dan ook die geheim van krag, sukses en voorspoed in die lewe van die kind van God.

1. God het gegee: Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
2. Jesus het gegee:
   (a) Sy lewe, om vir ons 'n ewige lewe te bewerkstellig.
   (b) Die Trooster - Die Heilige Gees.
   (c) Die nege vrugte van die Gees. Gal 5:22
   (d) Die nege gawes. 1 Kor 12:1-28
   (e) Sewe oorwinningslone in Openb. 2 & 3.
3. Die martelare het hulle bloed gegee.
4. In Japan bring die Japanese koffers vol geld na die tempels van Boedha. So baie geld dat die mense daaroor val. Daar word selfs geld in die bome opgehang vir hul god. Niemand sal dit ooit waag om van daardie "heilige" offergeld te vat nie.
5. Miljoene dollars van die Moslems gaan jaarliks vir die uitbreiding van die Moslem geloof. Om onder andere die Quar'an te versprei.

Die kerk van Christus kan alleenlik oorwin deur dieselfde beginsel te handhaaf en dit uit te leef. Ons moet gee met 'n flinke hand, met 'n warm hart, en 'n blymoedige gees, want God het 'n blymoedige gewer lief. (2 Kor 9:7)

WAAR KOM DIE GEE VAN TIENDE VAN-DAAN?

Dit is wat elke kind van God moet weet.

1. Abraham het die eerste tiende gegee!!!

Gen 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring
Gen 14:19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.
Gen 14:20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy (Abraham) hom (Melgisedek) die tiende van alles.

Dis opmerklik dat Abraham juis 'n *tiende* gegee het. Waar sou hy aan so 'n gedagte kom??? God self het daardie gedagte in sy hart gelê. So 'n gawe was aanneemlik by God, met ander woorde dit het God behaag.

DIE OORSPRONG VAN DIE GEE VAN TIENDE, IS DUS GOD SELF!!!

2. Jacob het daarmee voortgegaan, deur 'n pragtige gelofte aan God:

Gen 28:20 En Jakob het 'n gelofte gedoen en gesê: As God met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek,
Gen 28:21 en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, dan sal die HERE my God wees.
Gen 28:22 En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het,

sal ‘n huis van God wees, en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan.

Let op die woord "DIE" tiende, nie " 'n" tiende nie. Dit is 'n duidelike verwysing na 'n aangewese en bepaalde gedeelte.

God het hierdie gelofte eerbiedig en Jacob bo verwagting voorspoedig gemaak en geseën.

3. Moses het dit bevestig:

Ongeveer 700 jaar nadat Abram begin het om tiendes aan die Here te betaal, en sowat 500 jaar nadat Jacob die gelofte gedoen het aan God om tiende te betaal, het die Here aan Moses opdrag gegee om hierdie instelling aan die Here te heilig:

Lev 27:30 Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die HERE; dit is heilig aan die HERE.

Alle bronne van verdienste is hier ingesluit. Hier leer ons dat tiende die deel van ons verdienste is, wat aan die Here geheilig is. Met ander woorde dié deel wat aan die Here behoort.

4. Maleagi het dit beklemtoon:

Mal 3:7 Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer?

Mal 3:8 **Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof** My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.

Mal 3:9 Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!

Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis (skatkis), sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

Mal 3:11 Ek sal ook die sprinkaan (skades en teëspoed) vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare.

Mal 3:12 En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die HERE van die leërskare. (Die Here sal vir ons sukses en voorspoed gee.)

Jer 1:12 Toe sê die HERE vir my: Jy het goed gesien, want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring.

5. Jesus het die gee van tiendes aanbeveel:

Mat 23:23 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.

Ons BEHOORT die TIENDE te betaal SONDER om die ander vereistes van 'n Christelike lewe na te laat. TIENDE dus, is DEEL van die GELOWIGE se GODSDIENS.

6. Paulus het hom daarmee vereenselwig:

1Kor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen

van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.

Die bydrae van die gemeente was dus nie 'n instelling onder die wet nie, maar onder die genade, wat gereeld moes plaasvind.

Almal moes help om die evangelie-laste te dra. Die bydrae was volgens die verdienste. Die wat baie voorspoedig was, moes baie gee. Die wat minder voorspoedig was moes weer minder gee. Sodat almal "proporsioneel" eweveel sou gee.

Niemand kan liefhê, sonder om te gee nie. Om te gee is 'n integrale deel van liefde.

2 Kor 8: 7 (b) .....—sorg dat julle ook in hierdie liefdedaad oorvloedig is.

Ons gee omdat ons liefhet. Wanneer 'n jongman verlief raak op 'n jongdame, is die eerste ding wat hy wil doen, om 'n bewys van sy liefde aan haar te toon, deur geskenke soos blomme, lekkers of juwele.

God wil eerstens <u>onsself</u> hê. In 2 Kor 8:5 (b) lees ons: "en het nie alleen gedoen soos ons verwag het nie, maar het hulself eers aan die Here gegee, en toe aan ons deur die wil van God, "

7. <u>Hoe</u> ons gee - is die <u>bewys</u> van ons <u>liefde</u> tot <u>God</u>.

Mal 1:8 En as julle 'n blinde dier ('n gebrekkige offer) bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle **'n lam of 'n siek dier ('n gebrekkige offer) bring**, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy

'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die HERE van die leërskare.

Die Here wys op die belediging daarvan om aan Hom 'n gebrekkige offer te bring. So 'n offer wat ons nie eers aan 'n mens wat 'n hoë posisie beklee sou gee nie. Hoe moet die Here dan ons gawe aanneem wat nie volgens Sy VOORSKRIFTE IS NIE?

Baie van ons gee aan die Here so min en so swak as moontlik en tog begeer ons die Here se goedkeuring en seën daarop.

'n Verhaaltjie word vertel van 'n plaasboer wat getuig dat hy die Here baie liefhet. 'n Mede broer wat toe weet dat geld 'n teer punt in die lewe van die ou broer is, vra toe vir hom, en sê: "Broer Jan, as jy 20 perde gehad het, sou jy twee perde aan die Here gegee het?" "Natuurlik, sou ek dit gegee het", sê broer Jan. " En as jy tien koeie gehad het, sou jy een koei aan die Here gegee het?" "Seer sekerlik" antwoord broer Jan: Wel, broer Jan, en as jy tien varke gehad het, sou jy een vark aan die Here gee?" "Nee, nee, wag so 'n bietjie my broer" sê broer Jan, "dis nie reg van jou om van varke te praat nie, want jy weet ek het tien varke."

Die Here wil nie hê dat ons een tiende moet gee van wat ons nie het nie, nee, Hy vra een tiende van wat HY WEET ONS KAN GEE.

2Kor 8:11 Maar voltooi nou die daad ook, sodat, net soos die bereidheid om te wil daar was, so ook die voltooiing kan wees uit wat julle besit.
2Kor 8:12 Want as die bereidwilligheid daar is, is dit wel-

gevallig volgens wat iemand besit, nie volgens wat hy nie besit nie.

Die Here se stelsel van finansies is die regverdigste. Almal het om te gee en almal gee eweveel. Tiende is dus 'n deel, God se deel, en nie 'n spesifieke bedrag of hoeveelheid geld nie.

WAT IS TIENDE???

Tiende is 10% van u verdienste. Dit is een rand uit elke tien rand, en een sent uit elke tien sent. Dit behoort aan die Here, voordat u enige persoonlike onderhoudsuitgawe aftrek.

Verdienste beteken alles in goed of geld waarmee u begunstig word. Dit sluit in salarisse, lone, besigheidsprofyte, gawes, erfporsies, ens.

Dit is dus absoluut nodig dat ons van al ons verdienstes behoorlik boekhou, ten einde die Here nie te beroof van enige gelde of goed wat aan Hom heilig en afgesonder is nie.

1Kor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.

'n Illustrasie van tiende.

Tiende is soos die mandjie waarin u buurman vir u vrugte stuur. Die vrugte is vir u, maar die mandjie bly die eiendom van u buurman, en u moet dit weer terug-stuur. Wat sou u dink van daardie vriend wat nie sy

buurman se mandjie terugstuur nie, maar dit ook hou? U sal dadelik die gedagte kry dat hy ondankbaar en inhalig is. Die Here stuur vir ons tien tiendes. Nege tiendes moet u neem en die een tiende moet u weer aan Hom teruggee.

Moenie die saadkoring opeet nie.

Soos die saadkoring deur die boer uitgehou word om sy volgende oes te verseker en voorspoed te deel, is tiende ook die saad van die Christen se voorspoed. Die boer wat sy saadkoring opeet, sal homself uitroei en bankrot speel, tog vind ons so baie Christene wat hulle tiende opeet, en dan verbaas staan oor hulle tydelike en geestelike agteruitgang.

Deu 12:17 Jy mag in jou poorte nie eet die tiendes van jou koring en jou mos en jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en jou kleinvee en al jou gelofte-offers wat jy sal belowe, en jou vrywillige offers en die offergawe van jou hand nie.

Die Resultaat van tiende gee.

2Kron 31:10 het die hoëpriester Asárja, van die huis van Sadok, met hom gespreek en gesê: Vandat hulle die offergawe na die huis van die HERE begin bring het, eet ons tot versadiging en hou nog oorvloedig oor; want die HERE het sy volk geseën, sodat ons hierdie menigte oorgehou het.

Watter deel het geld in Godsdiens?

'n Baie groot deel. Geld was die tema van baie van Jesus se prediking. Vandag sal 'n prediker wat so baie oor geld of finansies preek, baie ongewild wees. Een vers uit

elke ses verse in Mattheus, Markus en Lukas verwys na geld. Sestien van die ses-en-dertig gelykenisse wat Jesus vertel het, handel oor die regte en verkeerde gebruik van geld. Baie Christene wil Godsdiens en geld van mekaar skei met die argument: "Verniet het ons dit ontvang, verniet moet ons die gee!" Dit klink baie mooi, maar is ongelukkig nie die volle waarheid nie. Godsdiens en geld gaan hand aan hand en is onafskeidbaar van mekaar.

As Jesus self voor u sou staan om u geldelike bydraes uit u hand te ontvang, dink u nie u gawes sou heelwat beter as nou wees nie?



Iemand het eenkeer gesê: "Ons moet aan die Here gee NAMATE ONS INKOMSTE, sodat die Here nie miskien ons inkomste maak NAMATE ONS GEE nie!!"

Daar word vertel dat 'n Sjinese prediker met die straat afgeloop het en 'n man met sewe geldstukke in 'n doek gebind by 'n bedelaar sien verbyloop na die mark. Die man kry die bedelaar jammer, haal ses geldstukke uit en gee dit vir hom. Ontevrede met sy gawe, agtervolg die bedelaar hom en steel die ander geldstuk ook nog uit sy sak. "Wat 'n skurk!!" sê ons, maar hoe staan die saak met ons? Nadat God ons jammer gekry het en vir ons nege tiendes gegee het, beroof ons God nog van Sy een tiende.

Onthou, geld is gerieflik vir die tydelike, maar gevaarlik vir die ewigheid. Dit is 'n goeie slaaf, maar 'n harde meester.

2Kor 9:6 Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal

ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.

U sê dat u hard werk en verdien om elke sent te geniet!!!

Deu 8:18 Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, ...

1Kron 29:12 En die rykdom en die eer kom van U .....

Pred 5:18 Ook vir elke mens aan wie God rykdom en skatte gegee het, en wat Hy in staat stel om daarvan te eet en sy deel te neem en hom te verheug by sy moeitevolle arbeid, is dit 'n gawe van God.

1Tim 6:17 Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet;

Die Here is die eienaar van alles.

Gen 14:19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.

God het hemel en aarde gemaak. Dit is Sy eiendom. Ons is slegs die rentmeesters.

Psa 24:1 'n Psalm van Dawid. Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;

Psa 50:10 want al die wilde diere van die bos is Myne, die vee op berge by duisende.

Hag 2:8 Aan My behoort die silwer en aan My die

goud, spreek die HERE van die leërskare.

Wat is dan my eie goed en my eie geld?

1Kor 4:7 .....? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?

1Tim 6:7 Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie.

1Tim 6:10 Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.

Geldgierigheid is gewoonlik die wortel van onwilligheid om die tiende te betaal en dit is werklik die wortel van 'n koue, onbesorgde en afvallige Christelike lewe.

Ons kan niks aan die Here gee nie, inteendeel dit is die Here wat aan ons alles gee, omdat Hy alles besit. Hy vertrou ons om Sy deel aan Sy werk te gee.

Spr 3:9 Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste;
Spr 3:10 dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.

Hoe mooi is dit wanneer Jesus altyd en in alles eerste in ons lewens is.

Luk 8:3 en Johanna, die vrou van Gusa, 'n bestuurder van Herodes, en Susanna en baie ander wat Hom almal met hulle besittings gedien het.

Wie behoort Tiende te gee?

Die maklikste om van ons verpligtinge weg te kom is om te sê dat tiende onder die wet is, en dat ons nie meer onder die wet is nie, maar onder die genade. Verder word ook aangevoer dat die gebruik alleen vir Israel gegeld het. Baie wens dat dit die waarheid is en ander hoop dat dit die waarhied is. Wie behoort dan tiende te gee? Die gee van tiende geld vir die kinders van Abraham - ons geloofsvader. DIT IS VIR ELKE GELOWIGE IN CHRISTUS JESUS.

1Pet 3:6 soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie.

Abraham, wie eerste tiende betaal het, 700 jaar voor die begin van die wet.

Rom 4:11 En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word;

Rom 4:13 Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof.

Rom 4:14 Want as hulle wat uit die wet is, erfgename is, dan het die geloof waardeloos geword en die belofte tot niet geraak.

Rom 4:16 Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal

Tiende is onveranderd ingelyf by die Evangelie van Jesus Christus

Gen 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring
Gen 14:19 en hom (Abraham) geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.
Gen 14:20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy (Abraham) hom (Melgisédek) die tiende van alles.

Jesus word ons Hoëpriester genoem in Heb 5:6 Soos Hy ook op ‘n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek

Heb 7:1 Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoet gegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;
Heb 7:2 aan wie Abraham ook ‘n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;
Heb 7:3 sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.
Heb 7:4 Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, ‘n tiende van die buit gegee het.

Heb 7:15 En nog baie duideliker is dit as daar ‘n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek,
Heb 7:16 een wat dit geword het nie kragtens die wet van ‘n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe.
Heb 7:17 Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Die hele verwysing na die ontmoeting van Melgisédek en Abraham is DIE GEE VAN DIE TIENDE en DIE SEëN VAN GOD OP ABRAHAM. Tiende was aan Melgisédek, priester van die Allerhoogste God betaal, en nou is Christus ons Hoëpriester volgens die ORDE van Melgisédek en aan Sy saak moet dus die tiendes betaal word, op dieselfde basis.

Ananìas en Saffìra

Hand 4:36 En Joses wie se bynaam onder die apostels Bárnabas was—wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting—'n Leviet, van geboorte uit Ciprus,

Hand 4:37 **het 'n stuk grond gehad en dit verkoop en die** geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

Hand 5:1 Maar 'n sekere man met die naam van Ananías het saam met sy vrou Saffíra 'n eiendom verkoop,

Hand 5:2 en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

Hand 5:3 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?

Hand 5:4 As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.

Ananìas het sy gawe gebring en tog het hy en sy vrou 'n vreeslike straf ontvang. Wat het dan sy gawe tot so 'n misdaad gemaak? Hy was 'n bedrieglike gewer. Hy het voorgegee dat hy, net soos Bárnabas, die volle koopsom vir die apostels gegee het, terwyl hy van die geld teruggehou het. Hy wou die eer hê dat hy alles

gegee het, terwyl hy dit nie gedoen het nie.

'n Prediker was ontbied om vir 'n siek seuntjie te bid. Toe hy uit die huis kom, staan die ander boetie sy blink nuwe motor en bewonder. Hy sê: "Oom is seker ryk om so 'n pragtige nuwe motor te kan koop." "Nee," antwoord die prediker: "ek is arm en kon nie so 'n mooi motor bekostig nie, maar ek het 'n ryk broer en hy het dit vir my gegee." "O" sê die seuntjie peinsend, "ek wens .." "Ja," sê die prediker: "ek weet, jy wens dat jy ook so 'n ryk broer gehad het." "Nee," sê die seuntjie: "Ek wens dat ek die ryk broer was."

Wat 'n mooi gesindheid merk ons nie hier op nie. Hierdie seuntjie se verlange was nie om te ontvang nie, maar om die voorreg te hê om te kan gee. Dit moet ook die gesindheid van die kind van God wees. Om graag te wil gee.

Moenie uitstel om tiendes te gee nie.

Daar is baie Christene wat, met die goeie besluit om tiende te gee in die hart loop, maar wat die daad vertraag.

2Kor 8:10 En ek gee in hierdie saak my oordeel, want dit is voordelig vir julle, **omdat julle alreeds 'n jaar gelede be**gin het, nie alleen om te doen nie, maar ook om te wil.

2Kor 8:11 Maar voltooi nou die daad ook, sodat, net soos die bereidheid om te wil daar was, so ook die voltooiing kan wees uit wat julle besit.

Nou vind ons ook weer die wat agter die verskoning skuil dat hulle die TIENDE LEEN en later sal betaal.

Om tiende te leen, is om nie tiende te betaal nie. Daar bestaan nie so iets as om tiende te leen nie. U kan alleen iets leen met die toestemming van die Eienaar, en as so 'n toestemming nie verkry word nie, dan is u 'n oortreder. Ons vind nêrens in die skrif dat die Here SY TIENDE aan die gewer uitleen, of Sy toestemming daartoe verleen nie.

Vir God se kind is die TIENDE God se deel.

Die gee van tiende is 'n sleutel tot geestelike en tydelike voorspoed.

Alhoewel ons nie tiende gee om ryk te word nie, maar omdat ons God liefhet en omdat dit God se deel is en Sy werk daardeur bevorder moet word, rus daar tog 'n groot seën op die gee van die tiendes.

In 2 Kron 30 en 31 vind ons dat Israel opgehou het om die tiendes en offergawes aan die Here te betaal, en die huis van die Here was toegesluit deur die goddelose koning Agas. Maar toe koning Hiskia die volk terugroep tot bekering, het hy weer die huis van die Here oopgesluit en die volk het weer al die tiendes en offergawes gebring. Die Here het Israel se lot verander en ons lees dat hulle voorspoed geniet het.

Wanneer ons naby die Here leef, is ons beursies binne die bereik van die Here se hand, en ons is binne bereik van God se skatkamers van seën en voorspoed.

Om die Here te beroof van Sy Tiende, is om onsself te beroof. Mal 3:8 "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, ..." Dit is dan tog duidelik dat ons iets neem en gebruik wat nie aan ons behoort nie. Die Here sê dit is die TIENDES EN OFFERGAWES. Tiendes en offergawes wat gebruik moet word

vir die uitbreiding van God se koninkryk, om die boodskap van redding aan verloregaande sondaars te bring. As ons dus hierin ontrou is, beroof ons God se koninkryk van siele; en ongeredde siele van die ewige lewe.

Die Here rig 'n uitdaging aan ons. Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

As Hy hierin nie die waarheid praat nie, hoe kan ons Hom dan vertrou vir ons saligheid en die ewige lewe? As ons Hom glo vir ons saligheid, dan moet ons Hom in alles glo - ook in Sy belofte aangaande tiendes en offergawes.

Die Here self waarborg ons "beleggings" in Sy werk. Sy seëninge is nie beperk tot ons geestelike lewe nie, maar het ook duidelike betrekking op ons materiële voorspoed.

Mat 6:19 Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;

Mat 6:20 maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;

As die Here sien dat ons Sy gawes reg verdeel en gebruik, sal Hy nog meer daarvan aan ons toevertrou.

Luk 6:38 Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.



Die Here sal die SPRINKAAN (skades en teëspoed) van ons afweer.

Die Here belowe voorspoed, maar ook dat ons sal behou wat ons het. Hier is 'n onsigbare seën opgesluit. Die beskerming van die Here.

Sommige Christene het eenmaal in hul lewe tiende betaal en daarin ontrou geword, met verreikende gevolge. Skades en teëspoed het een na die ander toegesak en hulle het dubbel en dwars verloor wat hul in tiendes sou betaal het. Sommige het selfs al hul besittings verloor. Ander het opgehou en vir jare goed en gelukkig aangegaan, maar sieklik het iets gebeur en hulle het alles verloor. Soms verloor hul daarby ook hul gesondhied.

Jak 4:17 Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.

Luk 12:47 En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word;

'n Dierbare kind van die Here was 'n boer en 'n getroue gewer van die Here se tiende. Sy koring het pragtig op die lande gestaan. Groot swerms sprinkane het toegesak. Hy en sy vrou het op hul knieë gegaan en die Here gevra om hul koring te beskerm. God het sy belofte gehou. Die sprinkane het sy bure se koring tot op die grond afgevreet, en tot by sy draad gekom, maar nie deurgekom nie. Die volgende dag was sy bure terneergedruk oor hul groot skade, maar sy koring was ongeskonde. Op 'n ander geleentheid was die droogte baie kwaai en sy koring het swaargekry. Weer het hy die Here aangeroep en daardie middag trek 'n wolk oor sy plaas en 'n lieflike

reën sak oor sy lande uit, terwyl sy bure alles verloor het. O, wat 'n GETROUE GOD het ons nie!

In teenstelling hiermee, volg hier die verhaal van 'n ander plaas-boer:

Hierdie boer het die vorige paar jaar misoeste gehad en laat sy pastoor toe uitkom plaas toe om die seën van die Here oor sy oes af te bid en ook te bid vir reën. Die boer belowe die Here toe dat hy sy tiende sal betaal as die Here hom help om 'n goeie oes te kry. God kom toe sy deel van die ooreenkoms na. Hierdie boer het 'n rekord oes gehad, maar hy besluit toe om sy tiende terug te hou. Gierighied en inhaligheid kry die oorhand oor hom. Sy vrou het egter getrou haar tiende gegee uit haar klein boerderytjie. Die volgende jaar laat kom hy weer die pastoor om te bid en weereens maak hy sy belofte. Weereens staan die oes geil op die lande. Skielik sak 'n horde wurms op die plaas toe en vreet sy oes af dat daar net stoppeltjies op die lande oorbly. Toe die pastoor op 'n dag op die plaas aankom, was daar so baie wurms op die werf dat sy motor se bande daarop gegly het toe hy moes stop. Die boer-vrou se tuintjie was omhein met varkdraad, maar nie 'n enkele wurm kon dit regkry om daardeur te kom en haar groente op te vreet nie. GROOT EN GETROU IS GOD!!!

VERSKONINGS - waarom ek nie tiende betaal nie.

1. "Die geld word na my mening nie reg en goed bestee nie."

Nie een enkele teks in die Bybel gee ons die reg om onder enige omstandighede ons tiende terug te hou nie. Daar is geen voorwaarde dat ons slegs tiende moet betaal indien dit "reg" bestee word nie. Wat die kerk met die tiende doen is HUL verantwoordelikheid.

Rom 14:12 So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.

Wanneer u, u tiende terughou, is u 'n groter oortreder, as die wat dit verkeerd bestee. Waarom so 'n skuld op u laai? Hou u kant by die Here skoon.

2Sam 6:6 En toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, het Ussa sy hand uitgesteek na die ark van God en dit vasgehou, want die osse het gestruikel.

2Sam 6:7 Daarop het die toorn van die HERE teen Ussa ontvlam, en God het hom daar getref oor dié vergryp, sodat hy daar by die ark van God gesterf het.

Die Ark was heilig aan die Here, en God self het Sy eie versorg. Al lyk dit in u oë of die tiende, wat heilig is aan die Here, nie reg bestee word nie, pasop, moenie u hand uitsteek na God se ark nie. Doen net u deel. God sal Sy deel doen.

2. "Die kerk het genoeg geld."

Die Here weet tot in die fynste besonderhede wat Sy werk nodig het en sal nie ONNODIG Sy deel op een tiende vasstel nie.

Daar was eenkeer 'n klompie Jode wat wynboere was naby 'n sekere dorp. Hulle geldelike vermoë was maar baie gebrekkig en die kerk het fondse nodig gehad.

Hulle besluit toe om 'n groot vat voor die sinagoge te sit en dan moet almal hul offergawes in die vorm van wyn bring en dit in die vaatjie gooi. Na alles verby was kon die wyn dan verkoop word vir die nodige fondse. Maar een goeie ou broer het gedink hy sal maar 'n bottel water ingooi. Niemand sal dit ooit agterkom tussen daardie groot klomp wyn nie. Hy het toe so gemaak. Na afloop van die offerdiens het die voorgangers die wyn begin tap vir die verkoop daarvan. Tot hul groot teleurstelling vind hulle dat die hele vaatjie vol water is. Ongelukkig het al die Jode soos die een ou broer gedink en almal het water ingegooi in plaas van wyn.

So gebeur dit ook dikwels met kerkfondse. Die een dink die ander gee, en die ander dink weer hy gee, en so is die gemeentekas vol goeie gedagtes, maar sonder finansies.

3. "Ek gee my tiende waar en vir wie ek wil."

"Ek betaal tiende, maar terwyl die kerk so baie geld het, gee ek die tiende aan die armes of ek onderhou my moeder, of gee dit aan een of ander verdienstelike onderneming." Die Woord is baie duidelik dat die tiende in die skatkis gestort moet word. Tiende behoort aan die Here en Hy het sy eie organisasie en administrasie daargestel om met Sy eiendom te werk. Die Here werk deur Sy organisasie van Herders, Ouderlinge, Diakens en gemeentes, en alleen hierdie kanale is gemagtig om kollektief God se tiendes en offergawes te administreer.

1Kor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.
1Kor 16:3 En wanneer ek aangekom het, sal ek die per-

sone wat julle goedkeur, met briewe stuur om julle gawe na Jerusalem te bring.

Dit is hier baie duidelik dat die Here se geld nie deur die gewer self administreer word nie, maar deur die persone daartoe gemagtig deur die gemeente. Enige gelde wat u privaat aan ander oorde uitbetaal is liefdadigheidsgifte en is goed en reg, maar dit staan heeltemal apart van die Here se tiende. Om die Here se tiende uit te deel na eie wil en keuse is verkeerd, en volgens die Woord, ongeoorloof.

4. "Ek kan nie bekostig om die Here se tiende te betaal nie."

Hierdie is seer sekerlik een van die ernstigste aantygings teen die Here. U beskuldig die Here indirek van onbillikheid, onredelikheid, onregverdigheid, onkundigheid, onbesorgdheid en bedrog. Die Here, in Sy alwetendheid, het bepaal dat een tiende aan Hom geheilig is en dat elke gehoorsame kind van God met nege tiendes meer geseënd sal wees as met tien tiendes. Daar is geen Christen, hoe arm of hoe ryk ook al, wat nie kan bekostig om die Here se tiende te betaal nie.

Spr 10:22 Die seën van die HERE—dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie.

"Maar" sê u "die Here verwag nie dat ek die tiende moet betaal en my huis en kinders verwaarloos nie." Op grond van God se woord verseker ek u dat dit nooit sal gebeur nie.

"Ja," sê 'n ander Christen "as ek die Here se tiende moet betaal, sal ek nooit deurkom nie." Wat is die Woord van die Here hierop?

Spr 10:3 Die HERE laat die regverdige nie honger ly nie, maar die begeerlikheid van die goddelose stoot Hy weg.

Psa 37:18 Jod. Die HERE ken die dae van die opregtes, en hulle erfdeel sal tot in ewigheid bly.
Psa 37:19 Hulle sal nie beskaamd staan in die slegte tyd nie, en in dae van hongersnood sal hulle versadig word.
Psa 37:25 Noen. Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie.

Psa 34:10 Jod. Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie.
Psa 34:11 Kaf. Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.

Nee, mede pelgrim, u kan dit bekostig en u huis sal geen gebrek ly nie, en u sal deurkom as u die Here se tiende betaal.

5. "Ek gee altyd my offergawes soos ek gelei voel en daarom betaal ek nie die Here se tiende nie."

Dit is reg en mooi om vrywillige offergawes te gee aan die Here, maar u eerste plig is om die Here se tiende te gee en daarna u offergawes.

Gal 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;
Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

Die leiding van die Heilige Gees sal nooit die Here se tiendes uitsluit nie. Tiende word nie volgens leiding of gevoel gegee nie, maar volgens die Woord van God. Offergawes word volgens gevoel en leiding gegee.

6. "Baie ander Christene gee nie tiende nie, waarom moet ek?"

U het nie met mense te doen nie, maar met God. U moet nooit ander mense voor die Woord van die Here stel nie. Laat hulle omsien na hulleself, maar wees u gehoorsaam aan die Here.

Jos 24:15 Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.

Wees u getrou aan die Here en volg Hom tot die einde.

7. "Ek het altyd tiende betaal en my deel gedoen, maar nou is dit ander se beurt."

Wanneer u tiende gee, gee u niks van u eie aan die Here nie. Die offergawes is u eie geld. TIENDE IS PLIG - OFFERGAWES IS LIEFDE.

As u eenmaal tiende gegee het, is dit duidelik dat u kennis dra van u pligte en weet wat reg is.

Jak 4:17 Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.

Dis tog opmerklik dat as iemand eenmaal God se tiende gegee het en daarin ontrou geword het, ontmoet die teëspoede hom die een na die ander. Let op, siektes, moeilikhede en probleme

neem toe. Sy geestelike lewe kwyn, sy gebedslewe verflou. Waarom? Omdat hy die wil van die Vader weet en dit nie doen nie. Daar is 'n baie hoë aanslag van belasting op agterstallige en onbetaalde tiendes. U sal miskien vir ses maande, 'n jaar of selfs vyf jaar verbykom, maar wanneer Jesus sê: " .....BAIE SLAE....." maak u maar klaar daarvoor - dit kom.

Ons doen 'n beroep op elke gelowige kind van God - GEE U TIENDE!!!

'n Sekere godloënaar het eenkeer na 'n Christen werker gedraai en gesê: "Meneer, as ek glo wat julle glo, dat daar 'n oordeel van God is; 'n onsterflike lewe en 'n brandende hel, sal ek my knieë voor God in gebed deurkruip vir sterwende siele; ek sal die strate op en af loop en my keel hees skreeu met die evangelie boodskap; ek sal elke sent in my sak gee om die mense van so 'n afgryslike verdoemenis te red."

Wat 'n uitdaging aan die kerk van Christus! Kan u nog God se tiende weier? Nee, duisendmaal nee!

DIE BESTEDING VAN TIENDES - VOLGENS DIE WOORD.

1. Hy (die predikers) wat die evangelie verkondig moet van die evangelie lewe.

1Kor 9:1 .....? Is julle (die gemeente) nie my werk in die Here nie?
1Kor 9:3 My verantwoording aan die wat my beskuldig, is dít:

1Kor 9:4 Het ons (predikers) dan geen vryheid om te eet en te drink nie?
1Kor 9:7 Wie dien ooit as soldaat op eie koste? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrug nie? Of wie pas 'n kudde (gemeente) op en geniet nie van die melk van die kudde (gemeente) nie?
1Kor 9:8 Sê ek dit miskien menslikerwys, of sê die wet dit nie ook nie?
1Kor 9:9 Want in die wet van Moses is geskrywe: 'n Os (predikers) wat graan dors, mag jy nie muilband nie. Is dit miskien oor die osse dat God Hom bekommer?
1Kor 9:10 Of spreek Hy inderdaad om ons (predikers) ontwil? Ja, want om ons ontwil is dit geskrywe, omdat hy wat ploeg, op hoop moet ploeg; en hy wat dors, op hoop om wat hy hoop, deelagtig te word.
1Kor 9:11 As ons (predikers) vir julle die geestelike gesaai (die W00rd) het, is dit 'n groot saak as ons julle stoflike goed(tiendes en offergawes) maai?
1Kor 9:12 As ander deel het aan die reg op julle diens, het ons nie nog meer nie? Ons het ewenwel nie gebruik gemaak van hierdie reg nie, maar ons verdra alles om geen hindernis vir die evangelie van Christus te veroorsaak nie.
1Kor 9:13 Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie?
1Kor 9:14 So het die Here ook vir dié (predikers) wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie (tiendes en offergawes) moet lewe.

Paulus is verbaas dat Christene nie weet dat daar uit gawes aan die verkondiging van die evangelie verbonde is nie.

1Tim 5:17 Laat die ouderlinge (predikers) wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.
1Tim 5:18 Want die Skrif sê: **Jy mag 'n os (predikers) wat** graan dors, nie muilband {HAT woordeboek - ie-

mand wat werk het reg op goeie versorging; op sy loon} nie; en: Die arbeider is sy loon werd.

2. Die Huis van die Here:

2Kon 12:4 En Joas het aan die priesters gesê: Al die geld wat as heilige gawes in die huis van die HERE gebring word, gangbare geld, elkeen se personegeld waarvoor hy geskat is, en al die geld wat iemand vrywillig in die huis van die HERE bring,

2Kon 12:5 mag die priesters (predikers) vir hulle neem, elkeen van sy bekende, en húlle moet die bouvallige **plekke van die huis herstel waar 'n bouvallige plek** ook al gevind word.

2Kon 12:7 het koning Joas, Jójada, die priester, en die priesters geroep en aan hulle gesê: Waarom herstel julle nie die bouvallige plekke van die huis nie? Nou dan, julle moet geen geld van julle bekendes aanneem nie, maar dit gee vir die bouvallige plekke van die huis.

2Kon 12:8 En die priesters het ingewillig om geen geld van die volk aan te neem nie en om die bouvallige plekke van die huis dan ook nie te herstel nie.

2Kon 12:9 **Toe neem die priester Jójada** 'n kis en boor 'n opening in sy deksel en sit dit langs die altaar neer aan die regterkant as 'n mens in die huis van die HERE inkom; en die priesters wat die drumpel bewaak, het al die geld wat in die huis van die HERE ingebring is, daarin gegooi.

2Kon 12:10 En toe hulle sien dat daar baie geld in die kis was, het die skrywer van die koning opgegaan en die hoëpriester en dit saamgebind en die geld getel wat in die huis van die HERE gevind is.

2Kon 12:11 En hulle het die afgetelde geld oorhandig aan die uitvoerders van die werk wat oor die huis van die HERE aangestel was, en hulle het dit uitbe-

taal aan die skrynwerkers en die bouers wat aan die huis van die HERE gewerk het,

2Kon 12:12 en aan die messelaars en aan die klipkappers, en om houte en gekapte klippe te koop om die bouvallige plekke van die huis van die HERE te herstel, ja, vir alles wat uitgegee moes word aan die huis om dit te herstel.

2Kon 12:13 Ewenwel is daar in die huis van die HERE geen silwerskottels, messe, komme, trompette—enige goue gereedskap of silwergereedskap gemaak van die geld wat in die huis van die HERE gebring is nie.

2Kon 12:14 Maar hulle het dit aan die uitvoerders van die werk gegee om daarmee die huis van die HERE te herstel.

2Kon 12:15 En hulle het nie met die manne afgereken in wie se hand die geld toevertrou was om dit aan die uitvoerders van die werk te gee nie, want hulle het met getrouheid gehandel.

Dis duidelik uit die woord van die Here dat die huis van die Here in stand gehou moet word met die tiendes en offergawes wat ingebring word. Vandag sal ons dus die water en krag, tuindienste, skoonmakers en alles wat nodig is om die huis van die Here in 'n puik toestand te hou met hierdie inkomste betaal. Asook Evangelisasie- en Sendingwerk,huur van geboue ens.

Neh 10:36 en om die eersgeborenes van ons seuns en ons vee, soos geskrywe staan in die wet, en die eersgeborenes van ons grootvee en ons kleinvee te bring in die huis van onse God vir die priesters wat diens doen in die huis van onse God;

Neh 10:37 en dat ons die eerstelinge van ons growwe meel en van ons offergawes en van die vrugte van allerhande bome, van mos en olie, sou bring vir die priesters in die kamers van die huis van onse God en die tiendes van ons grond vir die Leviete, terwyl hulle, die

Leviete, die tiendes sou invorder in al ons landbou-stede.

Neh 10:38 En die priester, die seun van Aäron, moet by die Leviete wees as die Leviete die tiendes invorder, en **die Leviete moet 'n tiende van die tiendes na die** huis van onse God bring, in die kamers van die skat-huis.

Neh 10:39 Want in die kamers moet die kinders van Israel en die kinders van Levi die offergawe van koring, mos en olie bring, omdat die gereedskappe van die heiligdom en die diensdoende priesters en die poortwagters en die sangers daar is; want ons wou die huis van onse God nie laat verwaarloos nie.

Neh 13:5 vir hom 'n groot kamer ingerig waar hulle vroeër die spysoffer, die wierook en die gereedskappe en die tiendes van koring, mos en olie, die wettige aandeel van die Leviete en die sangers en die poortwagters, en die offergawe aan die priesters neergesit het.

Neh 13:10 Ook het ek verneem dat die aandele van die Leviete nie gegee is nie, sodat die Leviete en die sangers wat die dienswerk moes verrig, elkeen na sy grond gevlug het.

Neh 13:11 En ek het met die leiers getwis en gesê: Waarom is die huis van God in verwaarlosing? En ek het hulle bymekaar laat kom en hulle weer op hulle pos aangestel.

Neh 13:12 En die hele Juda het die tiendes van koring en mos en olie na die voorraad-kamers gebring.

Eseg 44:30 En die beste van al die eerstelinge van alles en elke offergawe van alles, van al julle offergawes, moet vir die priesters wees; ook moet julle die eerstelinge van julle growwe meel aan die priester gee,

Verwag u die volgende woorde van Jesus:

Mat 25:23 Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

Aanvaar dan die Here se uitdaging in Mal 3:

Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

Besluit dadelik!!! Begin dadelik!!!
Wen dadelik!!!
Betaal God se tiende!!!
GEE, GEE, GEE!!!



Gen 28:22 En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal ‘n huis van God wees, en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan.

Alexander Kerr het onder Moody tot bekering gekom. Eendag het hy in Gen 28:22 gelees van Jacob se belofte aan God om Hom een tiende deel te gee van alles wat hy verdien;- ook verder, hoe Jakob skatryk geword het deurdat hy sy woord aan God gehou het.

Met 'n bietjie twyfel maar 'n groot en eerlike begeerte om die Bybel uit te toets het Mnt Kerr op 1 Junie 1902 'n verbond met God gemaak om 'n sekere persentasie van al sy verdienste aan God af te staan vir Sy diens.

Gedurende hierdie tyd was daar 'n verband op sy huis, hy het baie geskuld en was oorlaai met laste en probleme, hoofsaaklik geldelik. Maar hy was vasbeslote om God op die proef te stel soos Jacob. (Mal 3:7 Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer?

Mal 3:8 Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.

Mal 3:9 Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!

Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.)

Mal 3:11 Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare.

Mal 3:12 En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die HERE van die leërskare.

Kort hierna het onverwagte seën hom begin oorval - hy kon dit eenvoudig skaars glo. Nog in daardie jaar het hy in San Francisco 'n groot glasfabriek, wat vrugte bottels vervaardig, tot stand gebring en elke sent wat hy besit het, daarin belê.

Toe kom die groot aardbewing wat San Francisco getref het en vlamme en verwoesting het vir etlike dae voortgeduur in die omgewing van die glasfabriek sodat dit onmoontlik was om die skade vas te stel.

In al hierdie tyd het Kerr koppig geweier om te glo dat God hom in die steek gelaat het. Hy het vas en onwrikbaar op die beloftes van God in Maleagi gestaan. "n Week later het hy berig ontvang dat alles binne 1½ myl rondom die fabriek vernietig is, maar die fabriek self het niks oorgekom nie. Tenspyte daarvan dat dit 'n dubbelverdieping hout-gebou was waarin geweldige groot silinders by 2500 grade met olie-verhitting die glas moet smelt, en dit het nie gebrand nie! Die vuur was rondom, het selfs bo-oor die fabriek gespring en anderkant weer verder gebrand, maar selfs die houtheining rondom het nie eers geskroei nie, selfs nie eers een glasbottel het gekraak of gebreek van die geweldige hitte en aardskudding nie.

Hoe kan 'n mens hierdie wonder van genade en almag van God beskryf? Laat dit maar 'n les wees vir hulle wat nie glo aan die Woord en beloftes van God nie, of wat huiwerig is om Hom op Sy Woord te neem. God beloon nie slegs honderdvoudig nie, maar duisendvoudig en selfs nog meer as dit. Waarom nie vandag nog begin om Hom op die proef te stel nie?



Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44 696-5891)

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.